NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

28 April 2026

VAN: Jianni Joubert
AAN: Gemeenteskribas

**OMSENDSKRYWE 19/2026**

Geagte broers en susters

## ALMANAK 2027 INLIGTING EN LIDMAATTELLING – FEBRUARIE 2026

Die opdatering van gemeente- en predikante-inligting asook lidmaattellings geskied met behulp van die e-Almanak-toepassing.

Gemeentes wat reeds oor ’n NHKA-Microsoft 365-lisensie en @nhk.co.za-e-posadres beskik, kan direk toegang tot die toepassing verkry via die skakel Toepassings | NHKA E-Almanak.

Gemeentes wat nie oor ’n NHKA-Microsoft 365-lisensie beskik nie, word versoek om die e-Almanak-instruksieblad wat hierby aangeheg is, te volg.

Die **Februarie-lidmaattelling** strek vanaf 1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026. Hierdie inligting word gebruik vir die statistieke wat in die *Almanak* van 2027 gepubliseer word.

Let asseblief op die volgende:

- Lidmaattellings moet aanlyn voltooi word. **Geen verouderde of pdf-dokumentasie sal aanvaar word nie,** aangesien die data elektronies verwerk word. Daar is voorsiening gemaak vir die druk van die vorm nadat u dit voltooi het.
- Openingsyfers is altyd Februarie se eindsyfers en kan nie verander word nie.
- Aangeheg is ’n instruksieblad wat u stap vir stap kan volg.
- Hierdie getalle word **NIE** vir sinodale offergawes gebruik **NIE.**
- Die sperdatum vir die indiening van u lidmaattelling asook die nagaan van gemeente-inligting is **31 Mei 2026**. Let asseblief daarop dat verandering van gemeente-inligting enige tyd van die jaar aangebring kan word.
- U aandag word daarop gevestig dat indien hierdie inligting nie betyds ontvang is nie, die gegewens van die 2026 *Almanak* se opgawe oor Sensus en Statistiek (Februarie 2025) gebruik sal word.

Vir enige IT-ondersteuning, kontak asseblief vir mnr Wouter van der Merwe 012 653 4461, (012 322 8885), 073 960 5305 of mev Jianni Joubert (061 310 0850 of 012 322 8885 x3026).

Dit is vir die Kerk en die gebruikers van die *Almanak* belangrik dat akkurate inligting gepubliseer word.

Baie dankie vir u dringende aandag aan hierdie belangrike aangeleentheid.

Groete

Mev Jianni Joubert
Afdelingshoof: IT